


ELKE BOELIE KRY SY BIEF



DEUR: JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.

Sleepvoet klim Mieke uit die ou skoolbus. Die pienk kougom klou aan haar blonde haartjies vas. Sy hoor net hoe die skril kinderstemme agter haar lag, en sy weet dat sy weer die rede is dat die hele graad 3-klas van Laerskool Lolli-pop vir haar lag. Sy weet nie hoekom haar ma haar nie net liewers by die huis kon hou nie. Hoekom moet sy op hierdie simpel skoolkamp kom? Met 'n sug gaan val sy by die bondel kinders in.

Nadat almal buite die bus aangetree het, gaan staan Mieke heel agter in die bondel. Sy pluk-pluk aan haar hare om die *chappie* uit te kry, maar helaas uitkry is min, en sit sy nou boonop met taai hande ook. Vir 'n oomblik raak sy so kwaad dat sy kan slange vang. Dis sy skuld, alles daai vervlakste Marius se skuld. Vandat hy 'n jaar gelede nuut by die skool aangekom het, hou hy aan om haar te terg. As dit nie grillerige spinnekoppe in haar tas is nie, steel hy pouses haar kosblik en trek haar poniestert as sy in die gang verby hom loop. Maar vandag het hy te ver gegaan.

Haar dag het soos al die ander dae begin, met die feit dat sy nie wil skool toe gaan nie. En dis nie omdat sy nie van skool hou nie. Nee, juffrou Breësbek is baie oulik, al praat sy bietjie te veel, en sy is mal oor die klas waar hulle prentjies kan teken oor enigiets en dit boonop mooi inkleur. Nee, haar grootste rede is die nare boelie. Hy lyk soos die bees op die buitekant van die blikkie boeliebies.

Die gelag van kinders ruk Mieke uit haar dagdroom uit en sy word bewus van die kinders rondom haar.

“Ewww, kyk hoe lyk Mieke se hare, juffrou,” hoor sy een van die kinders sê.

“My ma sê dat net arm kinders se hare vuil lyk juffrou,” laat Marius die boeliebief van hom hoor.

“Stilte almal, dis nou genoeg!” bulder meneer Groenewald.

“Mieke, hoekom is jou hare los? En wat gaan aan in daardie boskaas van jou...Jy weet mos wat die skoolreëls is. Toe, loop maak jou hare netjies!”

“Maar meneer Groene...”

“Niks meer van jou nie, Mieke!”

Mieke voel of sy net daar in trane kan uitbars. Hoekom kan sy nie net onsigbaar wees nie? Hartseer draai Mieke om en probeer agterkom waar die badkamers sal wees sodat sy haar hare kan gaan vasmaak. Sy loop om die hoek van die gebou. Hier, weg van die ander kinders af, begin sy saggies huil. Sy kan nie verstaan hoekom Marius haar altyd moet verneder nie.

“Pssst!”

Mieke gaan staan botstil in haar spore.

“Ha-a-ll-o,” antwoord sy in ‘n bewerige stem. “Wie’s daar?”

“Volg my en vind uit,” hoor sy die diep stem antwoord.

“Huh? My ma sê ek mag nie met vreemdelinge praat nie.”

Doef!

Ewe skielik voel sy ‘n harde hou teen haar kop. Sy kyk verward rond en toe sien sy dit. Die klein wit-en-pienk voëltjie wat voor haar fladder.

“Maar...jy...ek verstaan nie? Voëltjies kan nie praat nie?” Mieke kyk hoe die voëltjie al om haar vlieg en dan op haar skouer sy sit kry. Die volgende oomblik voel sy iets glibberig en nat oor haar skouer loop.

“Oeps,” antwoord die voël. Ek het gisteraand te veel bessies geëet. My maag is nie lekker nie.”

“Wat?” gil Mieke uit woede. “Eers Boeliebief se *chappie* in my hare en nou jou poef op my skouers? Gaan weg en los my alleen. Nou dadelik!” Mieke wil begin weghardloop en alleen gaan sit en huil, maar op daardie oomblik verskyn daar uit die bloute nog ‘n diertjie voor haar. Hy lyk soos ‘n perd, maar net kleiner. En op sy neus het hy ‘n lang, pienk-en-pers horing en sy hare is die mooiste pienk wat Mieke nog gesien het.

“Ek is jammer vir ou Stinkie se gedrag. Hy eet altyd te veel en dan moet ons heeldag die gevolge ruik,” antwoord die dier. “Wat Stinkie eintlik wil sê, is dat jy saam met ons moet kom. Ons wil jou iets wys.”

Mieke is sprakeloos. Sy het net vanoggend na die oulike diertjies op haar *fruit loops*-boksie gesit en kyk en gewonder hoe dit sal wees as sy so 'n troeteldier kon kry. Maar pratende diere? Aikona. Dit kan nie waar wees nie.

Mieke maak haar ogies toe en knyp haarself hard op haar arm.

“Eina!” gil sy. Toe sy haar oë oopmaak, sien sy hoe die diertjies haar vreemd aankyk. “Jy kan ons nie wegwens nie Mieke,” antwoord die horingnolsie, die mooi pienk-en-wit perd wat Mieke al so dikwels in haar verbeelding gesien het.

“Ons is hier om jou te beskerm teen die boeliebief,” antwoord Stinkie.

Mieke voel hoe die trane weer oor haar wange rol. “Niemand kan iets aan hom doen nie,” sê sy terwyl sy haar trane met taai *chappie*-hande afvee.

“Wel ons weet van iemand wat kan.”

“Wie?” Mieke kyk stadig op na die twee vreemde diere wat voor haar staan.

“Simon, die slim ietermago.”

“Ieter-wat?” skater Mieke van die lag.

“Ietermago. En dis nie snaaks nie. Hy is die slimste onder al ons diere wat hier woon. Hy weet hoe om elke probleem reg te maak,” antwoord Stinkie

terwyl hy selfversekerd voor haar kom fladder en elke nou en dan op die horingnolsie se kop poef.

“Sal hy weet hoe om van Boeliebief ontslae te raak?” vra Mieke huiwerig.

“Maar natuurlik sal hy,” antwoord hulle gelyk. “Kom, kom saam met ons. Vergeet van die skoolkamp. Dis in elk geval *boring*,” sê Stinkie selfversekerd en vlieg vooruit.

“Kom,” sê die horingnolsie. “Klim op my rug dan gaan wys ons jou.”

Mieke is eers huiwerig om op die perd se rug te klim, maar toe sy die ander kinders se stemme hoor naderkom, gryp sy baie vinnig die pienk-en-pers horing en klouter op sy rug.

Horingnolsie laat nie op hom wag nie, en spring weg op ‘n galop die vlaktes in, deur die digte bosse en takke wat vir Mieke soos ‘n woud lyk. Oral om haar is daar die mooiste groen plante wat ‘n boog bokant haar kop vorm. Sy verwonder haar aan al die diertjies wat so sorgeloos om haar kerjaker. Hier en daar hoor jy die gefluit van voëltjies en ander kere die geritsel van die blare. Mieke skaterlag ‘n paar keer vir Stinkie wat in al wat ‘n boom is vasvlieg en sy snawel stamp.

“Ons is amper daar...” onderbreek Horingnolsie Mieke se gedagtes.

“Amper waar Doringnolsie?” vra Mieke terwyl sy sukkel om die vreemde naam te onthou. Soveel maatjies het sy nog nooit in een dag gemaak nie. Hoe moet sy al die name onthou, wonder Mieke stilweg.

Voordat Mieke verder kan dagdroom, stop Horingnolsie skielik in sy spore.

“Ah-ha, hier is ons nou!”

Nuuskerig loer Mieke rond om te sien waar hulle is. Sy het haarself so verkyk aan die natuur rondom haar dat sy vergeet het hulle is op pad na Simon, die slim ietermago. Horingnolsie buig stadig vorentoe en Mieke gly gemaklik van sy pienk-en-pers horing af en plons op die grond neer. Skrikkerig kyk sy na die opening van die grot. Die opening is klein en daar is orals skerp punte wat uitsteek.

“Horingnolsie, hoe pas jy ooit in die grot in?” vra Mieke “Jy is dan so...so...”

Voor Mieke verder kan praat, val Stinkie haar in die rede.

“Hy is so vet ja,” lag Stinkie en vlieg vooruit in die grot in.

“Wel, ek mag dalk vet wees, maar ek kom op ‘n ander manier daarbinne.”

“Hoe?” vra Mieke terwyl sy hom op en af bekyk.

“Maak toe jou oë, en dink aan die heel lekkerste plek waar jy nou graag sou wou wees...”

Mieke knyp haar oë styf toe en verbeel haar dat sy weer op Horingnolsie se rug is, waar sy vry voel en veilig is en waar daar nie mense soos Boeliebief is wat haar hartseer maak nie.

“Maak oop jou oë,” hoor sy Stinkie praat.

Toe sy haar ogies stadig oopmaak, staan sy sowaar as wraggies binne-in die grot met al sy punte en stekels wat lyk asof dit vanuit die dak na onder groei.

“Maar...hoe...dis ONmoontlik!” sê Mieke ongelowig.

“Niks is vir die verbeelding onmoontlik nie...” laat Stinkie van hom hoor.

Mieke kyk ongelowig rond en kom agter dat die grot nie te sleg is nie. Dis baie groot, maar daar is nie beddens nie en nog minder ‘n TV. Nee, sy verstaan nie hoe hulle so kan leef nie.

Mieke begin in die grot rondloop en hier en daar vat sy aan die growwe grotmuur en teken prentjies in die hopies sand op die vloer.

“Ek *like* dit hier, Stinkie, ek dink as julle vir my ‘n bedjie daar doer in die hoek maak, sal ek saam met julle hier kan bly.”

“Nie so vinnig nie...” hoor Mieke ‘n fyn stemmetjie uit die ander hoek van die grot. “Jou mamma en pappa gaan jou mos vreeslik mis as jy hier by ons bly, dan nie?”

“Seker,” sê Mieke, “maar wie is jy?” vra sy nuuskierig terwyl sy haar oë op skrefies trek om in die donker te sien.

Sy hoor die stadige geritsel oor die vloer van die grot en in die klein skrefie lig sien sy die diertjie naderkom. Mieke skrik merkbaar en trippel tot agter Horingnolsie se pienk stert in en loer deur die pienk hare na die gedierte wat in haar rigting beweeg. Hy is vreeslik lelik met skubbe wat regoor sy lyf loop en as sy nie van beter geweet het nie, sou sy sê dis ‘n mini-weergawe van die *T-rex* op *Jurassic Park*.

“Urgg, wat is jy?” vra sy vir Slim Simon.

Slim Simon rol hom op in ‘n bondeltjie met sy skubbe wat sy hele lyf bedek en lyk komplete soos ‘n netbalbal. Net so vinnig soos wat hy homself in ‘n bal verander het, skud hy sy skubbe weer reg en staan hy op sy pootjies.

“Ek is ‘n ietermago. Dalk nie mooi nie, maar darem slim,” lag hy vir haar en die uitdrukking op haar gesig.

Mieke frons, maar kom uit van waar sy agter Horingnolsie weggekruip het. Sy bekyk hom op en af voordat sy praat. “Wel, ek is ook nie mooi nie,” sê sy terwyl sy patroontjies met haar toon in die sand teken. “Die nare vet boelie trek elke dag my poniestert en het vandag ‘n *chappie* in my hare gedruk. Hy is ‘n regte stuk boelie-*bief*.”

“Wel,” begin Slim Simon en gaan staan voor haar. “Sit op my rug, dan vertel ek jou ‘n storie.”

Bang dat sy rug dalk mag steek, klim sy stadig op en wikkel haar eers so paar keer rond voor sy haar sit kry.

“Nou toe, ons is so bly jy is hier Mieke, want ons het iets om jou te vertel. Ons weet van ou nare *Boeliebief* wat so lelik is met jou!” Slim Simon sien die ongeloof op haar gesig en gaan dan voort.

“Hierdie is nie net ‘n gewone grot nie. Hierdie is ‘n grot vir kinders soos jy wat se hartjie eina raak deur ander mense wat nie mooi met hulle maak nie. Jy sien, elke keer wat iemand lelik is met jou en jy jou oë toemaak en wens jy was op ‘n ander plek, weet ons dit dadelik.”

“Maar hoe?” vra Mieke verwonderd. Sy kan nie glo wat sy nou hoor nie.

“Hulle noem my die verniet Slim Simon nie. Elke keer wanneer *Boeliebief* lelik is met jou, maak die grot ‘n groot geraas en kom daar ‘n groot wolk uit die grot se dak wat ons presies wys wat met jou gebeur,” verduidelik Slim Simon stadig.

“Amper soos *Alladin*?” vra Mieke met groot oë.

“Mens kan seker so sê ja,” antwoord Slim Simon.

“So julle weet van alles?”

“Dis reg, ja,” antwoord Slim Simon geduldig. “En dis hoekom jy vandag hier is.”

“So gaan julle hom slaan vir my, toe Stinkie?” vra sy pleitend. Toe sy geen reaksie by hom kry nie kyk sy na Horingnolsie.

“Ag, asseblief Horingnolsie, steek hom met jou skerp horing sodat hy ook kan *eina* hê...”

Die drie diere kyk vir mekaar. Uiteindelik sê Slim Simon: “Nee Mieke, om te slaan of te skop of lelik te wees met maatjies gaan nooit help nie. Al wat jou kan help, is jou verbeelding.”

“My verbeelding? Hoe gaan dit my help?” vra Mieke vies.

“Wel,” antwoord Stinkie, “elke keer as iemand jou kwaad maak, en jy jou oë toemaak, dan dink jy aan vandag, en verbeel jou jy is terug in die grot, en dan glimlag jy net vir ou Boelie**bief**. “

“Pfftttt, glimlag? Hoekom sal ek glimlag?” vra sy terwyl sy vies op die grond neerplons, sommer moedeloos met al die gediertes om haar.

“Want,” antwoord Slim Simon, “dis net ‘n paar kinders in die hele wye wêreld wat ons as wagte het.”

“Maar julle help dan nie dat Boelie**bief** nie lelik is met my nie?”

“Natuurlik help ons. Elke keer wat hy lelik is met jou, gaan jy jou oë toemaak en dink aan vandag, en weet dat jy *dengeltjies* het wat met jou praat sodra jy jou oë toemaak en jou verbeelding na die grot toe terugbring.”

“Wat is *dengeltjies*?” vra Mieke laggend.

Horingnolsie runnik en lig sy kop met trots voor hy haar antwoord.

“Diere-engeltjies, duh.”

Mieke skater van die lag, en maak haar oë styf toe. Sy verbeel haar dat sy die wye veld inhardloop saam met haar *dengeltjies* en lekker op Horingnolsie se rug ry, terwyl Stinkie op haar rug sit en vir haar mooi stories vertel.

“Ka-doef!”

Mieke skrik en maak haar ogies skielik oop. Sy voel ‘n skerp pyn op haar been en toe sy afkyk sien sy die rekkie wat op haar skoen geval het nadat dit haar geniepsig op haar been getref het.

“Was dit dan alles ‘n droom?” mompel sy terwyl sy weer bewus raak van wat rondom haar aangaan en vir ou Boelie**bief** sien naderkom. Die res van die graad 3-klas sit rustig onder die boom en eet hulle middagete, so asof sy nooit weg was nie.

Mieke voel hartseer en van voor af kwaad. Hoekom kan dit nie waar wees nie?

“Wat staan jy net daar *chappie-face*?” hoor sy Boelie***bief*** se stem.

Toe hy voor haar kom staan, met sy rooi gesig wat na haar staar, reg om haar te terg, maak sy haar oë styf toe en begin dink. Sy dink aan die grot, aan Slim Simon met sy lelike skubbe, maar mooi hart. Sy dink aan Horingnolsie en die vryheid wat sy gevoel het agter op sy rug. Sy verlang na Stinkie se grappies wat hy heelyd in haar oor gefluister het. Sy hou nie op dink nie.

Toe sy uiteindelik haar oë oopmaak, sien sy hoe Boelie***bief*** wegstap terug na die ander kinders toe.

“Dit het gewerk! Dit is tog waar!” gil sy opgewonde in haar gedagtes.

Sy kyk na hoe Boelie***bief*** wegstap en sy sien uit die hoek van haar oog ‘n voëltjie wat nader vlieg.

“Stinkie! “Dis ek!” skree Mieke en waai met haar armpies in die lug.

Sy sien hoe die voëltjie reg op Boelie***bief*** afpyl, en voor sy nog behoorlik beseft wat aangaan, los die voël ‘n vet, pers poef-blerts op sy kop.

“Ai, Stinkie...dis regtig jy...” praat Mieke saggies met haarself terwyl sy lekker lag en sien hoe die hele graad 3-klas vir ou Boelie***bief*** en sy pers blerts lag.

Nou toe nou en so kry elke boelie sy *bief*.

En onthou, maatjies, as 'n mens nie terugbakei nie, en altyd onthou dat kwaad word en seermaak niks beter maak nie, sal die boelie altyd 'n bief bly en jy 'n wenner wegstap.